

Vaalpark Gemeente Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 25 van 2020

21 Junie 2020

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Jou krag en lewenstrategie...

Wanneer die stryd voortduur met geen einde in sig nie, raak jy moeg. Is dit waar jy vandag is? Werk dinge wat eers glad verloop het, nie meer nie? Het jy alles wat jy kon doen, gedoen, maar dit het nie gehelp nie? Wat moet jy doen? Spandeer meer tyd saam met God in gebed en luister na Hom as Hy deur sy Woord met jou praat. Jy moet jou kragte herwin deur op God se krag staat te maak, jou geloof teenoor oorwinning te herfokus en aan God se beloftes terug te dink (sien Psalm 77:6). Wanneer jy deur probleme in jou huwelik, jou besigheid, jou gesondheid, jou werk, of jou finansies gaan en oorweldig voel, kan jy op hierdie twee Bybelse beloftes staan: 'Hy gee krag aan dié wat moeg is. Hy maak die kragteloos sterk. Sels jongmense raak uitgeput en afgemat. Baie jongmense struikel en val. Maar dié wat hulle hoop op die Here stel, sal hulle krag terugkry. Hulle vlieg hoog, soos arende. Hulle sal hardloop en nie moeg word nie. Hulle sal loop en nooit vermoeid word nie' (Jesaja 40:29-31 NLV). '...ons is ver bo ons kragte belas, met die gevolg dat ons sels moed verloor het om te bly lewe. Dit het eintlik vir ons gevoel of ons die doodsvonnis ontvang het sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op dié God wat die dooies opwek. Dit is Hy wat ons van só 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Hy is ons verwagting; Hy sal ons altyd weer red' (2 Korintiërs 1:8-10 NLV). In plaas daarvan om te probeer om uit die situasie te ontsnap, vra na God en Hy sal vir jou die krag en 'n strategie gee om sterker anderkant uit te kom.

Geskryf deur Bob & Debby Gass

HUWELIKS REELS

Ons **PRAAT** met mekaar.
Ons **LUISTER** na mekaar.
Ons **KYK** mekaar in die oe.
Ons **VERGEWE** mekaar.
Ons **TROOS** mekaar.
Ons is **LOJAAL** aan mekaar.
Ons is **LIEF** vir mekaar.

Maak jou huwelik jou **EERSTE** propteit. Al lyk **alles anders**....meer **dringend**....is jou huwelik steeds die **BELANGRIKSTE** basis.

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid vir Janine Vorster vir deurbraak in haar gesondheid
*Bid vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Sy het MS
*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
*Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
*Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
*Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid vir Basie Roux vir volle genesing-het prostaatkanker
*Bid vir Suzette Fourie vir volle genesing
*Bid vir Hercules vd Merwe vir volle genesing
*Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
*Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
*Bid vir Oom Jacob Versveld-vir volle herstel na operasie
*Bid vir oom Brummer (Erika se pa) hy is in die hospitaal
*Bid vir Tannie Bets Coetzee-bid vir haar gesondheid

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade**...
- HERE, ek het U lief! AMEN



Elke huwelik het
Liefde, Geduld,
Vertroue, Respek en
Vriendskap nodig...
Maar wat elke
huwelik mèn nodig
het, is vir GOD

Gedagte vir die week

Geloof
maak alles moontlik!
Hoop
maak alles weer nuut!
Liefde
oorwin alles!

Onthou om te onthou . . .

Baie dankie vir jou dankoffer byvoorbaat . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005